SLINGERVEL

April 2018

Christelike maandblad vir die jeug



SLINGERVEL, JAARGANG 59
Nommer 997, April 2018

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ´n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- of ´n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- of ´n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660



in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
8 1 Timoteus 3 en 4 – Blokkiesraaisel
9 1 Timoteus 3 en 4 – Woordsoek
10 Die brandofferaltaar
11 Die derde gebod
12 Vroue van die Hervormers (2) – Wibrandis Rosenblatt
13 Inkleurprent
14 Wees soos 'n palmboom
16 Oplossings
17 Gekkedag (April Fool's Day)
18 Wat kan ek lees?

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Attie Venter

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R304,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
(Sien die intekenvorm op die agterblad vir meer inligting oor intekengeld.)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 59,
Nommer 997,
April 2018
ISSN 0037 685 X

REDAKTEURSBRIEF

Hello maats,

April maand is vir my een van die lekkerste maande in die jaar. Hier in Bloemhof is die ergste hitte verby. Die dae is nou wel al 'n bietjie korter, maar heerlik.

Aprilmaand is ook die begin van die tweede skoolkwartaal – maar ook die maand wat gewoonlik die meeste vakansiedae in het! Hierdie jaar het ons die besondere geleentheid dat April met Opstandingsondag begin. Dit is die dag dat ons herdenk dat Jesus uit die dood opgestaan het.

Dan is daar Gesinsdag en Vryheidsdag. En dan die bonus: baie keer is die 30ste 'n skolevakansiedag omdat 1 Mei ook 'n vakansiedag is.

Vakansiedae se oorsprong is dat 'n mens om die een of ander rede 'n fees vier. Ons lees ook in die Bybel van sulke feeste. 'n Fees is wanneer 'n mens bly en dankbaar is vir iets wat gebeur het. Met Nuwejaar is ons mos bly dat daar 'n nuwe jaar aangebreek het. 'n Nuwe skooljaar, en ons wil sommer alles nuut en van voor af begin. Die Hebreeus is *Rosh Hanhanah* wat letterlik beteken: *die begin van die jaar*. Hulle herdenk dit as die dag waarop die Here vir Adam en Eva geskep het. Hierdie jaar word dit op 10 en 11 September gevier.

Die godsdienstige jaar van die Jode begin met die uittog uit Egipte, wat ons ken as Paasfees. Hulle vier dit saam met ons Paasfees – die verskil is egter dat hulle nie enige waarde aan die dood van Jesus heg nie, maar dink aan hulle verlossing uit Egipte. Dit is so jammer dat hulle nie besef dat soos die Here uit die slawerny van Egipte verlos het, Jesus ons uit die slawerny van die sonde verlos het nie.

Dit maak 1 April hierdie jaar weereens 'n besondere feesdag! Jesus het die duiwel en die dood oorwin. Daarom gaan ons kerk toe om die Here daar te ontmoet en vir Hom te wys dat ons dankbaar is om verlos te wees!

Groete tot Mei!

Oom Hennie

Die derde gebod

Maats,

In die tweede gebod het ons gesien dat ons die Here reg moet dien, en dat ons diens moet wys dat ons die Here liefhet. Die derde gebod bekyk die diens van die Here van 'n ander kant af: Het ons respek vir die Here? *Jy mag die Naam …* maar hier word geen Naam genoem nie! Hoe nou?

In die tyd van die Bybel het jou naam gesê wie en wat jy is. Kyk mooi hoe die Here dikwels name gegee het omdat Hy iets met die naam wil sê. Kyk veral op die opdrag aan Josef om die Kindjie *Jesus* te noem. Betekenis: Verlosser!



Maar God is meer as net Jesus. Kyk bietjie hoeveel Name van God jy ken … God, HERE, Here, Heer, Vader, Almagtige, Jesus, Christus, Verlosser, Heilige Gees, Voorspraak, Skepper, Immanuel …

Een Naam kan nie alles sê oor Wie en Wat God is nie. Daarom Naam.

En onthou wat was God se antwoord toe Moses 'n Naam gevra het: EK IS WAT EK IS. God bestaan en is groter as wat enige mens kan dink.

Wat beteken dit om respek te hê vir iemand? Respek beteken om eerbied, ontsag en agting vir iemand te hê. Eerbied sê dat ek eer gee aan iemand – met ander woorde, goed dink en dit wys vir iemand. Ontsag beteken dat ek wil luister wat iemand vir my sê omdat hy meer weet as ek. Agting beteken dat ek dink dat dit werd is om vir iemand te luister en te doen wat hy sê.

Om respek vir God te hê, beteken dus dat ek dink dat Hy wyser as ek is, dat ek weet dat Hy goed is in wat Hy doen en dat ek vir Hom wil luister.

Hoe wys ek respek vir iemand? Sê nou jy nooi 'n maat om te kom kuier en hy aanvaar die uitnodiging. Jy kry eet- en drinkgoed waarvan hy hou, miskien 'n video wat hy sal geniet, en hy daag nie op nie. Wat doen jy? SMS of bel hom. As sy antwoord is dat hy nie lus is om te kom nie … hoe sal jy voel? Ons sal maklik sê dat hy nie respek vir jou en jou moeite het nie.

Kom ons dink bietjie hoe ons ons respek vir die Here wys … Ons sê dat ons die Here dien, Christene is. Besef ons wat die woord "Christen" beteken? Ek dra Christus se naam! As iemand na my kyk, moet hy Christus raaksien. En God maak 'n afspraak met ons om Hom te ontmoet, Hy tref baie voorbereidings … hoe wys ek my respek vir Hom wat sy Naam vir my gegee het?

Met jou belydenis van geloof-aflegging doen jy sekere beloftes. Ewige lewe-beloftes. Moenie jouself bedrieg nie – wys jou respek vir God deur te doen wat Hy sê.

SV

Oom Attie Venter

Wees soos 'n palmboom

Die dadelpalm is ’n woestynplant. Met sy lang, regop stam – soms tot 48 meter hoog – troon dit sierlik bokant sy omgewing uit. (Die begrippe “welig groei”, “sierlik” en “regop” is almal verwant aan die Hebreeuse woord vir die palm.) Dit het talle eienskappe wat vir ons wys wat die karaktertrekke van ’n gelowige mens is of behoort te wees. Soos ’n palmboom moet ’n gelowige só eerlik en opreg wees dat hy hoog bokant sy omgewing uittroon.

Taai

Met sy rateltaai stam en harde blare weerstaan dit die versengende hitte, snerpende koue en swiepende sandstorms van die woestyn. Die woestynlug bevat maar min vog, wat meebring dat die dagtemperatuur baie hoog en die nagtemperatuur baie laag is. *Dit laat 'n mens dink aan die rateltaai uithouvermoë van die gelowige, waarvan ons in 2 Korintiërs 4:9 lees: "Ons word op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie."*

Terwyl ek hierdie versie gelees het, het my gedagtes teruggegaan na die dae toe ek nog katkisasie "gehou" het. Dit val my toe by van ons voorouers wat in die eerste helfte van die 1800's baie swaar begin kry het onder die nuwe Engelse bewind aan die Kaap. Hulle was stoere gereformeerdes wat vasgehou het aan hulle gevestigde godsdiensbeginsels, en om onder die invloed van die "nuwe" liberale leer van die Kaapse kerk uit te kom, het hulle noord- en noordooswaarts getrek in die feitlik onbewoonde binneland in.

Hulle het nie net in *aardrykskundige* afsondering geraak nie, maar ook in *geestelike* afsondering. Eintlik wou hulle maar net volgens die Woord van God leef. *Elke vader het dit by sy kind ingeprent. In die lewe vol beproewings en gevare het hulle daagliks hulle afhanklikheid van die Here besef. Elke dag het daarom met Skriflesing, gebed en psalmgesang begin, en in die aand op dieselfde manier gesluit. Hulle het geglo dat God hulle bewaar, getugtig en in die "woestyn" gelei het, soos vir Israel van ouds. Hulle moes aan hulle godsdiens vashou as hulle nie tot die vlak van die omringende heidense barbare wou daal nie.*

Die Bybel was selfs die skoolboek waarmee die ouers hulle kinders geleer lees en skryf het. Daarna het die kind die *Hellenbroek* of die *Kort Begrip* ('n verklaring van die gereformeerde leer) feitlik uit sy/haar kop geleer en dan eers na die kerk gegaan om belydenis van geloof af te lê. Die mense was dus tuis in die Bybel en goed vertroud met die gereformeerde leer.

Vrugte

Vir die Oosterse volke in die woestynstreke soos dié van Noord-Afrika, Arabië, Irak en Iran, is die dadelpalm (*Phoenix dactylifera*) van groot belang, want dit lewer voedsel en skuiling teen die son. Geen ander plant produseer meer voedsel per oppervlakte-eenheid as hierdie boom nie. Irak en Iran lewer omtrent een-vyfde van die wêreldproduksie van dadels. *So dra die ware gelowige ook oorvloedige vrugte, volgens die talente wat die Here aan hulle gee, vir almal om te geniet en daarvan te lewe.*

Die dadelpalm dra alleen vrugte waar die lug uiters warm en droog is. Dit floreer onder temperature van 38°C en hoër. *Onder teëspoed en dreigemente kom die beste in die karakter van 'n Christen na vore, soos ons in Handelinge lees van Paulus en Silas wat in die tronk lofliere tot eer van God sing.*

In Suid-Afrika tref ons groot plantasies aan op besproeiingsplase langs die Oranjerivier naby Kakamas en Upington.

Die heerlikste eienskap van die palm is sy wonderlike soet vrugte – dikwels tot 20 000 aan 'n enkele boom. Ou bome is die beste draers. *So is die gelowige wat reg lewe ook. Tot in sy ouderdom dra hy met woord en voorbeeld heerlike vrugte tot eer van God.*

Daar is egter 'n voorwaarde vir so 'n geseënde lewe. Soos die palmboom alleen kan oorlewe as dit by die waterbron van 'n oase staan, *moet die gelowige sy krag put uit saamlewe met die gemeente, daar waar hy saam met ander gelowiges sy God vereer, die gemeenskap met God belewe, aanbid, offers bring en versterk word met die Woord en Gees van God.*

Ek haal graag 'n paar reëltjies aan uit die pragtige Psalm 92:6 (Totiusberyming):

> *'n Palmboom hoog en rustig, 'n seder sterk en skoon*
> *Met breë blarekroon –*
> *Só groei Gods volk, so lustig.*
> *Hul groei deur Gods genade: hul bloei daar hoog en fris,*
> *Waar God se voorhof is, in skoonste lofgewade.*

Lesse wat ons by bome (oor die algemeen) kan leer

Kyk of jy 'n bietjie kan uitbrei op elkeen van die puntjies:

- Wortels hou bome vas dat hulle nie ontwortel in krisistye nie (sien geskiedenisfeite hierbo).
- Daar is seisoene (veranderinge) nodig.
- Vanuit die seer van snoei kan die mooiste vrugte groei.
- Die boom is só gemaak dat hy sy eie wonde kan seël (bv. dennehars, doringboomgom).
- Takke "kyk" (groei) altyd boontoe vir hulle krag.
- 'n Klomp bome saam vorm 'n woud – wat mekaar beskerm teen storms. SV